

Gereformeerde Kerk Bellville – 12 Februarie 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 4-8:1, 2 (5:1, 2)

- | | |
|---|--|
| 1 Die Woord het vlees geword
en onder ons gewoon.
Ons het sy heerlijkheid aanskou,
die van Gods eenige Soon; | 2 die heerlijkheid van Hom
wat van die Vader kom,
wat vol genade en derenis
en vol van waarheid is. |
|---|--|

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 89:1, 2 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.

Gebed

Skrifberyming 4-7:1, 2 (3:1, 2)

- | | |
|---|--|
| 1 Neem nou maar, Heer, u kneg / na u belofte weg,
en laat hom gaan in vrede – / nou hy die saalge dag,
so lank deur hom verwag, / gesien het op sy bed. | 2 'n Lig het opgegaan, / 'n helder stralebaan
skiet deur die donker wolke. / Dit is Immanuel,
die Vors van Israel, / die Lig van alle volke. |
|---|--|

Skriflesing: Matteus 1:1-25; Handeling 4:1-12; Heidelbergse Kategismus, Sondag 11:29

Kernvers: Matteus 1:20-21; Handeling 4:12

Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

(Matteus 1:20-21 AFR53)

En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie. (Handeling 4:12 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 29: Waarom word die Seun van God Jesus, wat Verlosser beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos (a) en by niemand anders enige saligheid te soek of te vind is nie (b).

(a) Matt 1:21; Heb 7:25. (b) Hand 4:12; Joh 15:4, 5; 1 Tim 2:5; Jes 43:11; 1 Joh 5:11.

Tema: Jesus wat beteken *Die HERE verlos*

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, voordat ons verder luister na die gesprek tussen die ongelowige vraagsteller en die gelowige aan die hand van ons Kategismus is daar eers

twee dinge wat ons moet raaksien. Eerstens moet daar iets gesê word oor die vreemde begin van die evangelie volgens Matteus – 'n lang lys van name. Tweedens moet ons die verband tussen die eerste en die tweede artikel van die Twaalf Artikels raaksien.

Matteus het die evangelie van Jesus Christus beskryf vir Joodse Christene. Hierdie afleiding word gemaak op grond van, onder andere, twee sake uit die boek self. Wanneer daar van die koninkryk van God gepraat word, skryf Matteus telkens die koninkryk van die hemel. Van kleins af het die Jode so 'n heilige eerbied vir die Naam van God dat hulle dit lief nie uitgespreek het nie. Die tweede saak waaruit 'n mens kan aflei dat Joodse Christene die eerste lesers van die boek Matteus was, is Matteus se herhaling van die uitdrukking *sodat die woord vervul sou word*. Met hierdie uitdrukking verwys Matteus elke keer na 'n uitspraak van die Here in die Ou Testament wat in vervulling gaan in Jesus Christus.

Nog iets wat kenmerkend is aan die Jode is hulle besondere belangstelling in geslagsregisters. Vir die Jode is dit belangrik dat jy jou afstamming van Abraham deur middel van 'n geslagsregister kan aantoon. Omdat Matteus die Jode se ingesteldheid gekenmerk het en omdat Jesus in Nasaret in Galilea grootgeword het, is dit belangrik dat die Jode aan die hand van 'n geslagsregister kan sien dat Jesus wel uit die nageslag van Abraham is. En Hy is boonop ook nog uit die nageslag van Dawid. Daarom begin die Heilige Gees hierdie beskrywing van die evangelie met die geslagsregister van Jesus.

Wat die verband tussen die eerste en die tweede artikel van die Twaalf Artikels betref, kyk hoe bely ons dit: ***Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde; en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here***. Die een wees van die Vader en die Seun word hier onder woorde gebring. Die Vader en die Seun word nie van mekaar geskei nie. Dit is asof die gelowige in een asem sê dat hy in God die Vader en God die Seun glo. En dit is reg, want 'n mens kan nie waarlik in God die Vader glo nie as jy nie ook in sy eniggebore Seun glo nie. As 'n mens nie in Jesus Christus as die Seun van God glo nie, kan jy ook nie God as jou Vader in die hemel aanbid nie (1 Joh 2:23).

In ons Twaalf Artikels sê ons agter die Here aan wanneer ons sê dat ons in God die Vader glo en in sy Seun Christus. Aan hierdie Bybelse waarheid moet ons vashou, want daar is baie mense wat sê dat hulle in God glo. Maar as 'n mens hulle 'n bietjie uitvra, kom jy agter dat hulle nie in God glo soos wat Hy Homself in sy Woord openbaar nie, want Jesus Christus is vir hulle nie die Seun van God nie. Hy is maar net 'n goeie mens gewees wat 'n volmaakte voorbeeld vir mense kom stel het. In hierdie gesprek wat die vraagsteller met die gelowige het sal hy mettertyd hoor dat hierdie siening wat baie mense van Jesus het nie die waarheid is nie.

Om verlos te wees beteken dat 'n mens in Jesus moet glo, want Hy is die enigste weg terug na God toe. Hy is die enigste Verlosser van mense, want daar is niemand anders wat die volmaakte prys vir 'n mens se lewe kan betaal nie. Maar wat beteken dit om in Jesus te glo? Wanneer 'n mens in iemand glo, stel jy jou vertrou in daardie een. Om die waarheid te sê, jy gee jouself geheel en al aan daardie een se genade oor. As jy nie glo dat 'n brug oor 'n diep kloof jou gewig sal kan hou nie, gaan jy dit nie waag om oor daardie brug te loop nie. Maar as jy weet dat die brug sterk genoeg is, gaan jy met vrymoedigheid daaroor stap.

Om in Jesus te glo, beteken dus dat jy jou hele lewe in sy hande toevertrou omdat jy oortuig is dat Hy jou deur alles – deur diep water, deur vuur, deur allerhande aanslae en beproewings heen – veilig tot in die ewige lewe by sy Vader sal bring. Om oortuig te raak dat Jesus wel mense kan verlos en aan hulle die ewige lewe gee, is dit noodsaaklik dat 'n

mens weet wie is Jesus en wat het Hy gedoen. Daarom begin die vraagsteller om na aanleiding van die tweede artikel uit te vra oor die Name van die Seun van God. **Waarom word die Seun van God Jesus, wat Verlosser beteken, genoem?**

Broers, susters en kinders, eintlik het die vraagsteller in sy vraag reeds die antwoord gegee waarom die Seun van God Jesus genoem word. Hy word so genoem, want Hy is die Verlosser. Maar die waarborg dat die Seun van God die Verlosser van mense is, is nie net in die Naam alleen opgesluit nie. In die Bybel is daar vier ander mense wat ook hierdie naam gehad het en hulle was nie die Verlosser van mense nie. Daar was Josua die seun van Nun wat Israel in die beloofde land ingelei het na die dood van Moses (Eks 17:9). Daar was Josua van Bet-Semes op wie se grond die wa tot stilstand gekom het toe die Filistyne die verbondsark na Israel teruggestuur het (1 Sam 6:14). Daar was ook Jesua die hoëpriester in die tyd na die ballingskap (Hag 1:1). Die vierde een is Josua wat 'n stadsbevelvoerder was in die dae van koning Josia van Juda (2 Kon 23:8). Josua en Jesua is die Hebreeuse vorms van die Naam Jesus, soos wat James die Engelse vorm is van die naam Jakobus.

Dat die Seun van God die Naam Jesus het, is dus nie die eerste en belangrikste waarborg dat Hy die Verlosser van mense is nie. Die belangrikste waarborg lees ons in Matteus 1. Die vier manne in die Ou Testament wat Josua en Jesua genoem is, is deur hulle ouers so genoem. Maar kyk wie gee aan die ongeboore Kind met wie Maria swanger is sy Naam – God self doen dit. In opdrag van God die Vader sê die engel vir Josef hoe hy die Kind moet noem – Jesus. Omdat God sy Seun Jesus noem, gee God self die waarborg aan ons dat sy Seun werklik is wat sy Naam sê Hy is – die Verlosser.

Eintlik is die waarborg wat God met die Naam Jesus gee nog groter. Die Naam Jesus is 'n samestelling van 'n eienaam en 'n werkwoord. Dit is God se eie Verbondsnaam wat Hy aan Moses bekend gemaak het – Jahwe, wat in die Ou Testament vertaal is met HERE in hoofletters. Hierdie Naam word verbind met die Hebreeuse werkwoord wat ons vertaal met verlos. Dus beteken die Naam Jesus nie net Verlosser nie, maar die HERE verlos. Omdat God self die Naam vir die Kind gee, waarborg Hy dat sy Seun werklik die Verlosser is en Hy waarborg dat hierdie Kind nie maar net 'n gewone mens is nie. Hy is ook God, want Hy dra God se Verbondsnaam.

In antwoord op die vraag sê die gelowige dat die Seun van God Jesus genoem word **omdat Hy ons van al ons sondes verlos**. Dit is die eerste rede wat die gelowige gee vir hierdie Naam. Toe die engel aan Josef gesê het dat die Kind Jesus genoem moet word, het hy ook die rede gegee waarom hierdie Naam vir die Kind:

... want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. (Matteus 1:21 AFR53)

Vir die Jode en die Joodse Christene was dit belangrik om te weet dat die Seun van God Jesus genoem word omdat Hy sy volk van hulle sondes sal verlos. Die Jode het al vir baie jare en eintlik eeue voor die geboorte van Jesus 'n Verlosser verwag wat hulle die Messias noem. Maar baie Jode se verwagting was dat die Messias 'n politieke verlosser sal wees. Hy sal iemand wees wat die Jode van die juk van Romeinse oorheersing bevry.

So is daar vandag steeds mense wat van die oortuiging is dat Jesus gekom het om mense van allerhande ellendes soos armoede en onderdrukking en diskriminasie te verlos. Wie Jesus verkondig as die Verlosser van allerhande sosiale euwels en wie sulke verkondiging glo, het nog nie die ware evangelie gehoor en geglo nie. Dit klink asof daar in ons eie land baie mense is wat hierdie sosiale evangelie glo en nog nie daarby gekom het om te hoor dat Jesus gekom het om mense van hulle sondes te verlos nie. Dit is waar dat Jesus mense ook van die ellende van sondes verlos – Hy het tog baie siekes gesond gemaak –

maar die Here sê self dat Hy mense van hulle sondes verlos.

Daarom moet 'n mens goed oplet wat word bedoel met sondes wanneer die engel sê dat Jesus sy volk van hulle sondes sal verlos. Daar is eintlik drie dinge wat 'n mens onder die woord sondes moet verstaan – dit is die skuld, die mag en die gevolge van die sonde.

Sonde is nie sommer maar net 'n fout wat 'n mens begaan het wat jy op 'n latere stadium kan regstel nie. Sonde dompel 'n mens in die skuld by God. En hierdie skuld kan nie met goud of silwer of met 'n mooi voorbeeldige lewe betaal word nie. God se geregtigheid eis dat hierdie skuld met die lewe betaal moet word. Om dit goed te begryp en duidelik te maak vir die vraagsteller moet die gelowige maar weer wys op dit wat in Sondag 4 geleer word. God kan die sonde hoegenaamd nie ongestraf laat bly nie Hy straf dit met tydelike en ewige strawwe. En die ewige straf op die sonde is die ewige dood. Jesus het die gelowiges van hierdie skuld van die sonde verlos omdat Hy in hulle plek aan die kruis gesterf het en deur sy Vader as 'n vervloekte behandel is.

Sonde is ook nie sommer iets wat jy van jou kan afskud soos 'n hond water van sy rug afskud nie. Sonde is 'n mag wat die mensdom beetgepak het waarvan hulle geensins self ontslae kan raak nie. Dit is so 'n groot mag dat die gelowige al in Sondag 3 vir sy vraagsteller gesê het dat hy self so verdorwe is dat hy niks goeds kan doen nie en tot alle kwaad geneig is.

'n Mens sien die verwoestende mag van die sonde reeds by ons eerste ouers in die tuin van Eden. Die sonde het 'n verwoestende uitwerking op die mens se verhouding met God. Adam en Eva het vervreemd geraak van God. En in hulle nageslagte het dit net al erger geword. Elke kind wat gebore word, word as 'n vyand van God gebore, want hy word in sonde ontvang en gebore.

Sonde verwoes ook die verhoudings tussen mense. En hierdie verwoestende uitwerking sien ons elke dag raak. Sonde het van die goeie skepping van God 'n puinhoop gemaak – puinhoop van haat, oorlog, mishandeling, egskeiding. Toe Jesus vir gelowiges aan die kruis gesterf het, het Hy hulle ook van die mag van die sonde verlos. Daarom kan gelowiges bely: Christus se offer en dood aan die kruis beteken vir hulle dat hulle **sondige begeertes nie meer oor hulle heers nie, maar hulle kan hulleself as 'n dankoffer aan die Here toewy.**

Deur die kragtige werking van die Heilige Gees kry gelowiges dit reg om sondige begeertes en dade te herken en ook te oorwin deur dit nie te doen nie. En omdat die Heilige Gees Christus se gehoorsaamheid aan die gelowige meedeel, kan die gelowige ook
begin om
'n gehoorsame lewe te lei.

Aangesien sonde so 'n verwoestende mag is, het dit ook sigbare gevolge. Dit is as gevolg van die sonde dat daar sulke goed is soos hospitale en begraafplase, want siekte en dood is die gevolge van sonde. Dan praat 'n mens nog nie eers van al die ander sosiale euwels en gebreke wat as gevolg van die sonde gekom het nie. Dit is goed soos dwelmmisbruik, alkoholisme en die gebroke gesinne waarmee ons elke dag te doen kry. Die verlossing wat Jesus van hierdie dinge gebring het, sien ons nie nou al nie. Dit is eers met die wederkoms van Jesus dat daar nie meer dood en siekte sal wees nie. Dit is eers met die wederkoms dat goed soos diskriminasie en onderdrukking en armoede 'n einde sal hê.

Maar vir die gelowige beteken dit nie dat alles maar gelos moet word tot met die wederkoms nie wanneer al hierdie gevolge ook 'n einde sal hê nie. Juis omdat die

gelowige deur Jesus verlos is, werk hy aktief daaraan om siekte te bestry of te help met die genesing van siekes; wend die gelowige 'n daadwerklike poging aan om onderdrukking en diskriminasie te bestry en hou hy self op om dit te doen.

Die Seun van God word deur sy Vader Jesus genoem omdat Hy sy volk van hulle sondes sal verlos. Dit is dan die eerste rede wat die gelowige in antwoord op die vraag gee. Die tweede rede is die naklank van die woorde wat Petrus onder leiding van die Heilige Gees aan die Joodse Raad gegee het.

Petrus en Johannes was voor die Joodse Raad om verhoor te word omdat hulle die mense in die tempel geleer het en die opstanding in die Naam van Jesus verkondig het. Die Saduseërs het nie in die opstanding geglo nie en het toe vir Petrus en Johannes gevange geneem. Die volgende dag is Petrus-hulle uitgevra oor die genesing van die kreupel man. Onder die volle beheer van die Heilige Gees het Petrus sonder enige huiwering Jesus Christus aan die Joodse Raad verkondig.

Petrus sluit hierdie verkondiging in vers 11 en 12 af deur daarop te wys dat Jesus Christus enig in sy soort is. Hy is die steen wat deur bouers verwerp is, maar juis Hy het die belangrikste steen – die hoeksteen – geword. En dan voeg Petrus by:

En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.

(Handelinge 4:12 AFR53)

Die feit dat God self sy Seun gee om mense te verlos, dat Hy self die Naam Jesus aan sy Seun gegee, is die waarborg dat Jesus werklik die Verlosser is. Mag hierdie kennis van wie die Seun van God is elke mens dring om nog meer van Hom te leer ken, en mag die Heilige Gees die ware geloof in elke hoorder se hart opwek met hierdie kennis. Daar is niemand anders in wie jy jou vertrou kan stel om jou geheel en al van jou sondes te verlos nie behalwe Jesus die Seun van God.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 4-4:3, 4, 5 (4:3, 4, 5)

- 3 Maar die engel het geroep: / "Moenie skrik nie, moenie vrees,
want ek boodskap vreugde wat / vir die hele volk sal wees."
"Die Verlosser," juig sy stem, / "is gebore in Betlehem."
- 4 "Hy, die Heer en Christus, lê / – dis die teken van die Kind –
rustig in die voerkrip neer / en in doeke toegebind."
En toe klink 'n lofsang daar / van 'n ganse engelskaar:
- 5 "Eer aan God, die hoogste Heer!" / ruis dit uit 'n stemmesee.
"Vrede op aarde, vrede weer!" / En die donker nag ruis mee.
"Welbehae, eind'loos groot, / in die mens, Gods gunsgenoot!"

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

12 Februarie 2017